www.XtremePapers.com

# FIRST LANGUAGE AFRIKAANS

**Paper 0512/02**
**Reading and Directed Writing**

**Kernwenke**

Ten einde goed in hierdie eksamen te vaar, behoort die kandidate die volgende te doen:

- In Vraag 1: Skryf antwoorde in hulle eie woorde wat duidelike begrip van die vrae en die teks toon.
- In Vraag 2 en 4: Gebruik die verlangde formaat en lewer ’n goed beplande skryfstuk wat uit samehangende paragrawe bestaan en ’n logiese progressie toon.
- In Vraag 3: Skryf ’n kernagtige opsomming en ’n gemotiveerde vergelyking in goed versorgde taal en in hulle eie woorde.

**Kommentaar op spesifieke vrae**

**Vraag 1**

**(a)** Heelwat kandidate het nie die woord “bakermat” geken nie en het dus die vraag verkeerd beantwoord.

**(b)** Die meeste kandidate het hierdie vraag korrek beantwoord.

**(c)** Die meeste kandidate het hierdie vraag korrek beantwoord.

**(d)** Alhoewel die meeste kandidate hierdie vraag reg beantwoord het, het sommige nie na “politieke gevolge” verwys nie.

**(e)** Baie kandidate het hierdie antwoord reg gehad, maar sommige het nie die punt gekry nie omdat hulle nie na die “vinniger” beweging/rondtrekkery in die moderne tyd verwys het nie.

**(f)** Die meeste kandidate het hierdie vraag korrek beantwoord.

**(g)** Talle kandidate het die punte verbeur omdat hulle nie genoem het dat dit opwindend vir Jablonski was om die toekenning van die US te kry nadat dié universiteit in die verlede ’n voorstander van diskriminasie op grond van velkleur was nie.

**Vraag 2**

Hoewel die meeste kandidate die verlangde inhoud in hul briewe gedek het, verdien die volgende aandag:

- Die korrekte briefvorm moet gebruik word.
- Die skool se adres moet bo-aan die brief verskyn.
- Die uitdrukking “Namens die wetenskapvereniging van Hoërskool X wil ek u graag nooi ...” sou ’n goeie opening vir die brief gewees het.
- Die korrekte formele register moet gebruik word.
- Praktiese inligting soos wanneer en waar die toespraak gaan plaasvind, moet gegee word.
- Daar moet aangedui word wie die kontakpersoon is.
- Die brief moet korrek afgesluit word.

**Vraag 3**

Die meeste kandidate het goed in die opsomming gevaar, hoewel sommige nie opgelet het dat die verskille na die leesstukke se taalgebruik en styl moes verwys nie.


© 2012

Algemene punte waarna opgelet moet word:

- Kandidate moet genoeg inligting verskaf.
- Kandidate moet hul eie woorde gebruik.
- Hulle moenie aanhalings gebruik om hul stellings te staaf nie.

**Vraag 4**

Talle kandidate het goed met hierdie toespraak gevaar. Baie het die inligting in die leesstuk doeltreffend aangewend.

Die volgende verdien egter steeds aandag:

- Die gehoor moet aan die begin aangespreek word ("Geagte ...").
- Hoofpunte moet deeglik gemotiveer word.
- Oorredende taal moet gebruik word.
- Retoriese vrae kan doeltreffend ingespan word.
- Die toespraak moet afgesluit word met ʼn finale beroep aan die gehoor of ʼn treffende slotopmerking.

Kandidate moet herinner word dat punktuasie baie doeltreffend in ʼn toespraak ingespan kan word om gevoelens oor te dra.


© 2012

# FIRST LANGUAGE AFRIKAANS

**Paper 0512/03**

**Continuous Writing**

**Kernwenke**

Ten einde goed in hierdie eksamen te vaar, behoort die kandidate:

- seker te maak dat hulle redelike kennis van, of insig in die onderwerp kan wys, anders moet hulle liewer 'n ander onderwerp kies
- menings en argumente in beredenerende en argumenterende opstelle met bewyse te motiveer
- hul opstel te proeflees.

**Algemene kommentaar**

'n Beduidende aantal van die kandidate het hulle goed, of redelik goed van hul taak gekwyt. Hierdie kandidate kon die taak doeltreffend voltooi omdat hulle oor die gepaste woordeskat beskik om hul idees, waarnemings en gevoelens duidelik skriftelik uit te druk. In bogemiddelde opstelle is menings met feite en bewyse gestaaf en figuurlike taal doeltreffend gebruik om betekenis oor te dra. Kandidate moet seker maak van feite as dit as bewys vir 'n argument gebruik word. Daar is bv. nie moord gepleeg by die Olimpiese Spele in Barcelona nie, maar wel by die Spele in München.

Kandidate moet daarop let dat die inleiding van 'n opstel kort en treffend moet wees. Daar is gevind dat die inleiding van sommige opstelle te lank was voordat begin is om die liggaam van die opstel logies uiteen te sit. Die slotparagraaf wat die skryfstuk bevredigend moet afsluit, is ook belangrik. Kandidate moet daarop gewys word dat 'n sterk slot baie bydra tot die geslaagdheid van 'n opstel en dat hulle genoeg aandag daaraan moet gee.

Party opstelle is effens bederf deur direkte (foutiewe) vertalings uit Engels, soos "luk" (*luck*) en "puntlose oefening" (*pointless exercise*).

Daar was grammatikafoute wat uitgeskakel kan word om 'n beter punt te behaal vir die opstel, bv. foutiewe gebruik van die lydende vorm: "hy was gebore", i.p.v. 'hy is gebore' en verkeerde woordorde, bv. "dat jy kan lekker ontspan", i.p.v. 'dat jy lekker kan ontspan'.

In die ondergemiddelde skryfstukke was die woordeskat beperk en was daar talle taalfoute. Hier het gewoonlik ook 'n groot aantal spelfoute voorgekom, soos "wanner" i.p.v. 'wanneer', "erenstig" i.p.v. 'ernstig', "keur" i.p.v. 'keer', "viks" i.p.v. 'fiks' en algemene foute, soos "onmidelik" i.p.v. 'onmiddellik' en 'geïnteresseerd' wat sonder die deelteken geskryf word. Daar moet ook gelet word op die neiging om samestellings los te skryf, bv. "skool uniforms" in plaas van 'skooluniforms', "peer boom" in plaas van 'peerboom' en "weg gegaan" in plaas van 'weggegaan' (skeibare werkwoorde/deeltjiewerkwoorde word in die verlede tyd vas geskryf).

Ten opsigte van leestekengebruik is ook dikwels gefouteer:

- Die komma is weggelaat tussen werkwoorde in sinne soos die volgende: "Om beroemd te wees, is nie altyd lekker nie".

- Die komma is weggelaat voor sommige voegwoorde waar daar 'n ruspunt in die sin voorkom, bv. voor 'want' en 'maar'.


© 2012

**Kommentaar op spesifieke opstelonderwerpe**

**Onderwerp 1**

Hierdie onderwerp kon oor ‘n werklike belewenis gegaan het, maar kon ook ‘n denkbeeldige verhaal gewees het. Die meeste opstelle was redelik oortuigend en doeltreffend voltooi.

**Onderwerp 2**

Hierdie onderwerp is slegs deur enkele kandidate aangepak, maar dié wat dit gekies het, het hul menings en argumente goed gemotiveer en bogemiddelde skryfstukke geproduseer. Hulle het soms veralgemeen, maar dit was aanvaarbaar in die konteks waarin dit aangebied is.

**Onderwerp 3**

‘n Aantal kandidate het hierdie verhalende opstel gekies. Die temas was dus fiktief en die verbeelding moes ingespan word om ‘n verhaal rondom ‘n selfgekose tema te weef. Oor die algemeen was die inhoud van hierdie opstelle nie baie oorspronklik nie, maar wel gepas.

**Onderwerp 4**

Dit was ‘n gewilde onderwerp wat ‘n beredeneerde idees met ‘n besielende, positiewe boodskap geverg het. Die inhoud van hierdie opstelle het deurgaans op die tema wat bespreek is, gefokus, maar daar was dikwels herhaling van gedagtes omdat die kandidate soms nie genoeg idees gehad het om die onderwerp breedvoerig genoeg te behandel nie.

**Onderwerp 5**

Sport speel ‘n groot rol in die samelewing; daarom het die meeste mense menings oor die voordele en nadele daarvan. Die sporttema waarop hierdie opstel gebou moes word, was dus ook ‘n gewilde keuse. Die meeste kandidate wat hieroor geskryf het, het die onderwerp passievol benader. Diegene wat hul gemotiveerde standpunte duidelik gestel het, het goeie punte behaal.

Dit was belangrik dat kandidate hul argumente goed met bewyse moes motiveer. Daar was soms te min ontwikkeling in hierdie opstelle en die vermoë om gedagtes helder uit te druk, was soms nie bevredigend nie, sodat die inhoud middelmatig was.

**Onderwerp 6**

Die leerders wat hierdie onderwerp gekies het, het by die onderwerp gehou, maar die meeste idees was onvoldoende ontwikkel. Uitdrukkingsvermoë was soms nie na wense nie en sommige van hierdie opstelle het ’n groot aantal taal- en spelfoute bevat.

**Onderwerp 7**

Hierdie onderwerp is deur min kandidate gekies. Die werk was oor die algemeen bevredigend.

**Onderwerp 8**

Die kandidate wat hierdie opstel gekies het, het dit uit verskillende hoeke benader. Party kandidate het nooit by die verhaal uitgekom nie, maar geskryf oor ‘n persoon wat altyd verhale vertel het en dus van die onderwerp afgewyk. Daar was egter ook verdienstelike opstelle oor hierdie onderwerp.

**Onderwerp 9**

’n Klein groep kandidate het hierdie opstel gekies. Die inhoud was gepas en dit was duidelik dat die kandidate oor ‘n persoonlike ervaring geskryf het. Die swak taalbeheer en spelfoute het egter afbreuk gedoen aan die gehalte van sommige skryfstukke.


© 2012